

Ons word in die Naam van Jesus, nie soos Jesus gedoop nie

ds. PJ Kriel

Doop Janneli Gericke

11.10.2020

Inhoud Hierdie preek wys dat ons in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop word, omdat ons nie met Jesus se doop gedoop kan word nie. Ons kan nie saam met Hom ly, gekruisig word, sterf en uit die dood uit opstaan soos Hy nie. Ons word in Jesus se Naam gedoop omdat Hy ons laat deel in alles wat Hy vir ons bewerk, nie omdat ons ook doen wat Hy doen nie. Wie in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop is, kan elke dag in hierdie Naam tot bekering kom volgens God se wet as dienaar van God. Wie soos Jesus met sy doop gedoop wil wees, identifiseer deur Jesus met God se mag en krag en kan nooit weer as 'n dienaar van God volgens God se wet bekeer nie.

Skriflesing Markus 10: 32 – 45 45; Mat. 3: 13 – 17; 28: 16 – 20

Teks Mark. 10: 39 b “en die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word.”

Tema Ons word in die Naam van Jesus, nie soos Jesus gedoop nie

1. Ons het vanoggend die voorreg om Janneli Gericke te doop!

Ons doop haar in die Naam van Jesus, nie soos Jesus nie. Op Pinksterdag in Jerusalem stel Petrus aan die wat na sy preek geluister het dat hulle elkeen in die Naam van Jesus gedoop moet word. (Hand. 2: 38) Hoe jy in die Naam van Jesus gedoop moet word stel die Here in Matteus 28 só: “Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.” Die doop in die Naam van Jesus is altyd in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Ons gaan Janneli vanoggend só doop: in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Ons gaan haar nie soos Jesus doop nie. Jesus en Janneli word nie met water op dieselfde wyse gedoop nie. Daar is in die manier van doop met water tussen Jesus en Janneli groot verskille.

- Jesus was nooit gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees nie. Die rede daarvoor is eenvoudig. Jy kan nie met water in jou eie naam gedoop word nie. Ons kan nie vir Janneli vanoggend in Janneli se naam doop nie. Ons doop haar in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Jesus het Homself as Drie-enge God by sy doop openbaar, nie in sy eie Naam gedoop nie. Jesus is die Seun van die Vader en Hy gee die Heilige Gees en daarom kan Hy nie in sy eie naam met water gedoop word nie.
- As ons Janneli nou met water doop gaan daar nie soos met Jesus se doop 'n stem uit die hemel kom wat sê: “Dit is my geliefde dogter oor wie Ek my verheug nie.”

Ons word in die Naam van Jesus, nie soos Jesus gedoop nie

- Die hemel gaan ook nie oopgaan en die Gees van God gaan soos 'n duif op haar neerdaal nie.
- Sy word ook nie deur Johannes die Doper in die Jordaan rivier met Jordaan water gedoop nie, maar in Levubu in die kerk deur 'n dominee met Levubuwater uit die doopvont.
- Sy word ook nie eers gedoop soos Jesus toe Hy eers 30 jaar oud was nie, maar terwyl sy nog 'n kleuter is.

Só! Ons doop haar nie soos Jesus met water gedoop is nie, maar ons doop haar met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

2. Die dissipels was nooit met water in die Naam van Jesus gedoop nie. Toe hulle deur Johannes die Doper in die Jordaan gedoop was, was hulle net soos Jesus nie in die Naam van Jesus, of in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop nie. Hulle het nooit voor sy opstanding uit die dood in Jesus se lyding, kruisiging, sterwe en opstanding uit die dood geglo nie. Toe hulle op Paassondagaand só tot geloof in hom gekom het, is hulle nie toe weer oorgedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees nie. Die dissipels het nooit 'n geloofsdoopt na hulle in Christus se lyding en opstanding tot geloof gekom het nie.

Hulle was nooit só met water gedoop gewees nie.

Dit moet ons in gedagte hou wanneer die Here vir sy dissipels vra of hulle met die doop gedoop kan word waarmee Hy gedoop word. Christus se doop in volgens Markus 10: 33 en 34 sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding as mens uit die dood uit. Die Here noem hierdie werk wat Hy doen “sy doop”.

Dit is nie sommer net simboliese taal nie. Die Here openbaar daarmee wat beteken sy doop met water deur Johannes die Doper. Dit het ons saam gesien in Mat. 3. Jesus sê vir Johannes die Doper om Hom met water te doop, en Johannes wil nie en weier eers. Dan gee die Here vir Johannes die rede vir hoekom Hy Hom met water moet doop. Deur Jesus se doop met water wys Jesus dat dit die wyse is waarop Hy as Christus alle geregtigheid vir sondaars gaan vervul.

Dit beteken dat Hy sondaars en hulle lewe vir God gaan regmaak, deur dit wat Hy met sy doop in water begin doen.

3. Niemand anders was deur Johannes die Doper soos Jesus gedoop nie.

Hoe het hy al die ander mense voor en na Jesus gedoop?

Ons word in die Naam van Jesus, nie soos Jesus gedoop nie

Die ander mense wat hy met water gedoop het, het terwyl hy hulle gedoop het, hulle sondes bely. Nie nadat hulle hul sondes bely het nie. (Mat. 3: 6) Johannes self het gesê dat die rede hoekom hy mense doop is met die oog op bekering. (Mat. 3: 11)

Jesus het geen sonde bely terwyl Johannes Hom gedoop het nie en Jesus is ook nie gedoop met die oog op sy bekering nie. Jesus is glad nie soos ander mense met water gedoop nie.

Hoe is Jesus anders as anders alle ander mense voor en na Hom gedoop?

Jesus word gedoop as die manier waarop Hy sy werk as die Christus mee begin doen. Met sy doop gaan staan Hy in die water in die plek van sondaars wat gedoop word om al hulle sondes syne te maak. Dit is hoe Jesus met sy doop sondaars en hulle lewe vir God reg maak. Hy wat nie sondes kan bely terwyl Hy gedoop word nie en nie gedoop word met die oog op sy bekering nie, gaan staan as regverdige en heilige mens binne in die water in die plek van sondaars, om hulle en hulle lewe vir God só reg te maak.

Kom ons gebruik 'n beeld van hoe Jesus in die water gaan staan in ons plek ons sondes op Hom neem om ons reg te maak vir God. Die doop is 'n teken van die afwassing van sondes. So al die mense kom na die Jordaan rivier en ontvang met die water wat hulle mee skoon gemaak word 'n teken dat hulle sondes afgewas is. Nou kom Jesus maar Hy het nie sondes wat afgewas kan word nie. So, sy doop kan nie 'n teken wees dat sy sondes afgewas word nie. Nou hoekom laat hy hom doop? Nou maak ons van die water 'n voorbeeld! Waar is al die vuilheid van al die sondes van al die mense wie se sondes afgewas is? Dit is nou in die Jordaanrivier. Nou is die Jordaanrivier vol vuil sonde water. Wat doen Jesus nou? Nou gaan staan Hy in hierdie water vol sondes en word met hierdie water vol sondes gedoop. Hy word vuil met al die sonde-water omdat al die sondes se sondes met hul doop afgewas is.

Met hierdie voorbeeld moet u weer die Here se woorde hoor: Hy word gedoop om al die sondes van sondaars op Hom te neem sodat hulle doop kan wys hulle is skoongewas van al hul sonde – so vervul hy alle geregtigheid.

Deur gedoop te word met water en só self sondaar vir sondaars en hulle sonde te word, maak Jesus Homself die Christus wat sondaars met die Heilige Gees doop, nie iemand wat tot bekering kom of gekom het of gaan kom nie. (Mat. 3: 11)

Soos Jesus só gedoop is was niemand anders nog ooit gedoop nie, ook nie deur Johannes voor Jesus, na Jesus en sal niemand ooit weer so gedoop word nie. Mense word nie soos Jesus gedoop nie. Hulle word nie gedoop omdat hulle deur die doop 'n sondaar in ander sondaars se plek word nie, nie omdat dit die begin van hulle geestelike werk vir sondaar is nie en nie omdat hulle ander mense met die Heilige Gees gaan doop nie.

Ons word in die Naam van Jesus, nie soos Jesus gedoop nie

4. Dit is hoekom Jesus vir sy dissipels vra: kan julle met die doop gedoop word waarmee Ek gedoop word?

Volgens ons voorbeeld: kan julle soos ek met die vuil water waarmee Ek julle vuilheid afgewas het en skoon gewas het, vuil gemaak word?

Met hierdie vraag oor sy doop verwys die Here direk na sy derde verduideliking dat sy doop is om vir sondaars te ly, gekruisig te word, te sterf, begrawe te word, ter helle neer te daal en vir hulle uit die dood uit op te staan om hulle in te sluit by alles wat Hy vir hulle gedoen het. Hoekom die Here hier sy lyding, kruisiging sterwe en opstanding sy doop noem, is omdat presies is wat Hy in sy doop begin doen het. Hy het daar homself die Een gemaak wat in die plek van sondaars in staan vir hulle sondes.

Hulle kon dit en het dit nie misverstaan nie. Hulle weet dat Jesus vir hulle vra of hulle soos Hy kan ly, sterf en opstaan en dat hulle doop kan wys dat hulle dit ook saam met Jesus kan doen.

Die antwoord op Jesus se vraag moet altyd wees: “Nee, ons kan nie. Ons kan nooit soos Jesus gedoop word nie.” Ons kan nie saam ly, sterf en opstaan nie en daarom kan ons nooit ’n teken dra dat ons alles wat Jesus gedoen het ook saam met Hom doen nie.

6. Dit is die verskriklike wangeloof in hulle antwoord op Jesus se vraag: “Ons kan! Ons kan met die doop gedoop word waarmee die Here Jesus gedoop is!”

Wat bedoel hulle as hulle sê: “Jesus, ons kan soos jy gedoop word.”? Hulle antwoord beteken dat hulle vir die Here soos Johannes jou gedoop het en jy nou gaan ly, sterf en opstaan om God se mag en krag gaan kry, gaan vestig en gaan uitbrei, ons kan ook só soos Jesus gedoop word!

Ons kan!

Dit is presies wat al hoe meer in die Christelike kerke wêreldwyd gebeur. Hulle sê vir die Here Jesus Christus met hulle doop met water: “Ons kan!” “ons kan ook net soos Jesus gedoop word.

Daarmee bedoel hulle nie sommer net ons kan ook soos Jesus met water groot gedoop word soos Jesus nie. Wanneer Jesus se dissipels vir Jesus sê: “Ons kan!”, dan bedoel hulle nie “met water groot gedoop word soos jy groot gedoop is nie”. Hulle bedoel ons kan met jou doop waar jy ly, gekruisig word, sterf en opstaan, ons kan dit ook doen! Ons kan wat jy doen net soos Jy saam met Jou doen!

Ons word in die Naam van Jesus, nie soos Jesus gedoop nie

U moet baie goed hoor hoe die kerk vir Jesus vandag met hulle doop in water vir Jesus openlik sê: “Ons kan!”

Dit word wêreldwyd op presies een en dieselfde manier gesê: “Jy moet jouself voor die oordeel van God stel en die lyding ervaar van jou eie verlorenheid, jy moet aanvaar jy is verlore vir God; dan moet jy soos Jesus jou eie-ek en jou eie lewe kruisig, dan moet jy eie-ek, jou eie wil, jou eie-belange en eie-ek in jouself doodmaak; Jy moet in jouself sterf soos Jesus. Wanneer jy dit gedoen het, sal God se goddelike krag, mag en lewe in jou inkom en sal jy nie meer leef nie, maar God sal sy lewe deur jou leef.

En dan moet jy met water soos Jesus gedoop word om te wys jy is met dieselfde geestelike doop gedoop waarmee Jesus gedoop is: jy is gedoop in die lyding, kruisiging, sterwe van jou self, en jy is gedoop in dieselfde opstanding van goddelike kragte in jou wat in Jesus opgestaan het.

Dit is wat mense vandag met hulle grootdoop met water vir Jesus wil sê en bevestig: Ons Kan! Ons kan met jou doop gedoop word!”

7. Op hierdie ongeloof in sy doop antwoord die Here hulle dan: “En met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word.”

Ons het verlede Sondag gesien dat Jesus met beker die Nagmaalsbeker bedoel. Hulle sal deel in wat die Here vir hulle doen, deur die Nagmaalsbeker, nie deur saam te ly, saam te sterf en saam uit die dood uit op te staan soos Hy dit doen nie. Dit is presies wat die Here nou hier met die teken van die doop met water doen.

Hulle sal met die water as teken in sy doop gedoop word! Hoe? Deur losgekoop te wees deur sy doop om 'n dienaar en slaaf van God te wees. Nie om saam met Hom te ly, te sterf en op te staan om in sy goddelike kragte en magte te deel nie. Hy sal ons dienaars en slawe van God maak, deur in ons plek ons sondeskuld en straf op Hom te neem vir ons!

Daarom word ons in sy Naam gedoop en nie met sy doop gedoop nie!

Ons word met water gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees om te bevestig, ons behoort nie aan ons sondes nie, maar aan die sy Vader; ons doen nie wat die Seun doen nie, maar Hy laat ons deel in wat Hy in ons plek vir ons doen en ons word in die Naam van die Heilige Gees gedoop, omdat Hy ons deur sy Gees insluit in al sy verbondsbeloftes, nie om deel van die krag en mag van god se Gees te wees nie.

8. Janneli kan nie soos die dissipels vandag verklaar: “Ek kan nie” of “Ek het nie.”

Ons word in die Naam van Jesus, nie soos Jesus gedoop nie

“Ek het myself laat ly, myself gekruisig en self innerlik vir God dood gemaak en God het met sy krag en mag my lewe oorgeneem om sy lewe deur my te kom leef nie.” Sy het nog nooit sulke geestelike goed gedoen nie. Dit diskwalifiseer haar glad nie om nie met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop te mag word nie.

Inteendeel! Sy mag nie sê: “Ek kan nie.”

Want ons doop haar nie soos Jesus gedoop is en ons doop haar nie met Jesus se doop nie! Ons doop haar in die Naam van Jesus! In die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, want Jesus het haar losgekoop om God se dienaar en slaaf te wees en nie sonde se dienaar en slaaf te wees nie. Haar doop wys sy is losgekoop van alle skuld en begeertes op so 'n wyse dat sy nooit weer aan haar sonde kan behoort nie. Haar doop wys al haar sonde is afgewas met Jesus se doop in sy lyding, kruisiging, dood en opstanding, waarin Hy ingedoop is sodat sy nooit ingedoop sal word in enige lyding, kruisiging, dood vir haar sondes of opstanding vir goddelike kragte nie. Haar doop wys die Heilige Gees gaan haar lei met God die Vader se seëninge en nie met wette en regulasies hoe om soos Jesus te ly en te sterf nie.

Wie van u wil vandag opstaan en vir God, sy gemeente, vir Janneli sê, jy gaan 'n slaaf en dienaar van sonde wees totdat jy eendag vir Jesus gaan sê: “Ek kan! “Ek kan soos u gedoop word!” “Ek het myself met u doop gedoop!”

Want of jy is 'n slaaf en dienaar van sonde of jy is 'n slaaf en dienaar van die Here! Ons doop haar juis omdat sy nie kan of wil sê: Ek kan met Jesus se doop gedoop word nie.”Daarom kan ons haar in die Naam van die Vader, Seun en die Gees doop!

9. Ons doop haar met die oog op haar bekerings!

Dit is hoe Johannes die doper die doop met water se betekenis verduidelik in Mat. 3: 11 volgens die Nuwe Direkte Afrikaanse Vertaling. “Ek doop julle wel met water met die oog op bekering ... Hy sal julle met die Heilige Gees en vuur doop!

Haar doop en al haar bekerings vir die res van haar lewe moet altyd deel van mekaar wees! Hoe?

- Haar doop wys haar God die Vader is haar Vader en sy leef in sy liefde.
- Haar doop in die Naam van die Seun wys dat haar sondes is Syne en al sy gehoorsaamheid aan God se wet is hare, daarom is sy, al doen sy sondes, altyd vir die Here reg, goed, heilig, rein, onberispelik en sonder smet.
- Haar doop in die Naam van die Heilige Gees wys Hy lei haar met die seëninge van God se verbond en met die gebooie van die wet nie.

Ons word in die Naam van Jesus, nie soos Jesus gedoop nie

As dit is wat haar doop met water vir haar haar hele lewe lank gaan wys, dan kan sy elke dag vrymoedig tot bekering kom sonder om met Jesus se doop gedoop te word.

Sy kan elke dag tot bekering kom in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Hierdie bekering is die bekering van 'n dienaar en slaaf van God, nie 'n baasbekering nie. Hierdie dienaarbekering is bekering volgens God se wet. Ons bely ons sonde volgens God se wet as sonde, ons glo dit nie goed nie; Ons het berou oor ons sonde en is nie net jammer oor die skuld en verleentheid van ons sonde nie; ons stop dit wat God vir ons deur sy wet sê is verkeerd en ons verbind ons self elke keer met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte om te doen wat Hy in sy wet vir ons sê.

Janneli se doop bevestig vir haar elke dag dat sy so haar sondes bely en nuwe toewysing aan God kan beloop wat sy doen dit teenoor die Vader in wie se liefde sy leef, die Seun vir wie sy haarself nie moet regkry nie, maar haar reg gemaak het en die Gees wat haar nie met wette lei nie maar in die seëninge van God se verbond.

Ons doop haar juis in die Naam van die Vader, Seun en Gees vir hierdie spesiale soort bekering: die bekering van 'n dienaar volgens God se wet.

11. Wie soos Jesus met Jesus se doop gedoop is, kan nooit weer tot bekering kom in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees nie. Wie soos Jesus gedoop is, kom nie soos 'n dienaar volgens die wet van sy eienaar tot bekering nie. Wie soos Jesus gedoop word, is besig met 'n nuwe soort bekering – baasbekerings!

Baasbekerings waardeur jy elke keer weer met Jesus se doop gedoop moet word! Met elke nuwe oortreding moet jy weer voor God gaan bely dat jy eintlik 'n verlore sondaar is voor sy toorn; moet jy weer jouself en jou eie-ek kruisig soos Jesus; moet jy weer jouself, jou eie belange, wil en lewe afsterf soos Jesus; moet jy weer niks word sodat God weer jou met sy goddelike krag en mag kan vervul sodat Hy weer sy lewe deur jou kan leef.

Dit klink vir u soos 'n dienaar se bekering? Ek het nou weer goddelike kragte en magte en God leef nou weer sy goddelike lewe deur my!

Volgens God se woord is hierdie geestelike oefeninge waarin mense glo hulle doen met hulle self innerlike wat Jesus met Homself gedoen het, glad nie bekering nie. Dit kan nie volgens God se Woord bekering genoem word nie. Dit is identifikasie met God en identifikasie met God is sonde! Wie met God deur Jesus identifiseer, kan nooit weer volgens God se wet bekeer nie.

Dit is die sonde van die eiemagtige verklaring: “Ons kan! Ons kan soos Jesus wees en doen wat Jesus gedoen het.” Baasbekerings is nie bekerings van sonde nie.

Ons word in die Naam van Jesus, nie soos Jesus gedoop nie

12. Binne hierdie baasbekerings moet jy jouself ook kamstig met water doop soos Jesus met water gedoop was. Hoekom? Want jy moet doen wat Hy gedoen het! Hierdie doop is nou net 'n eenmalige daad van nabootsing van Jesus wat glad nie meer enige verband het met die bekerings na die doop nie!

Jy kan nie soos die Baas gedoop word en dan daarna met dienaarbekerings volgens die wet besig wees nie. Dit is hoekom hierdie geestelikes wat glo hulle word met Jesus se doop gedoop en elke dag weer met hierdie doop besig is: saam ly, saam, gekruisig word, saam sterf en saam opstaan, elke dag nuwe tekens soek waarmee hulle vir hulle self kan bevestig – ek is besig om met Jesus se doop gedoop te word. Die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Gees, kan nooit hulle identifikasie met God bevestig nie. Daarom is die NG Kerk nou elke dag besig om vir hierdie doop met Jesus nuwe seremonies uit te dink en te gebruik.

Seremonies waarmee hulle vir Jesus wys en sê: “Ons kan! Ons kan met jou doop gedoop word!” Seremonies wat wys ons identifiseer met God deur Jesus.

Janneli kan nie! Sy kan nie deur Jesus met God identifiseer nie. Wie van u wil vanoggend vir haar en haar ouers sê: “Daarom mag jy nie in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop word nie, want jy kan nie en het nog nie met Jesus se doop in sy lyding en opstanding geïdentifiseer nie!”

Sy kan nie! En dit is juis wie ons met water doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Hulle wie nie kan nie! Hulle vir wie Jesus in hulle plek moet instaan met sy doop, sodat ons nie met sy doop gedoop hoef te word nie. Hulle wie Jesus deur sy doop losgekoop het van hul sonde om sy dienaars te wees.

Ons doop haar omdat die Here haar sy dienaar gemaak het deur haar van haar sonde los te koop. Sy behoort aan die Vader, nie haar sondigheid nie. Sy is skoon gewas deur die Seun wat met haar vuilheid gedoop was. Sy word deur die Heilige Gees in die seëninge van God se verbond gelei, nie deur God se wet nie. Ons doop haar sodat sy verseël kan wees om haar hele lewe lank uit die sekerheid wat haar doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees haar gee, in hierdie Naam tot bekering kan kom!

Ons doop haar nie soos Jesus nie. Ons doop haar in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Kom ons doop Janneli Gericke!